Graad 4–6

Vraestel: Graad 5 HT

Deur: Mariëtte Jurgens, Windhoek Afrikaanse Privaatskool

Afdeling A

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.

DIE DOMSTE MISDADIGERS

Die stadigste motorjaagtog

1. 'n Suiwelboer was besig om sy koeie te melk toe 'n buurman hom vertel dat daar iemand in sy huis is. Hy het teruggehardloop om te gaan ondersoek instel. Die voordeur was oopgebreek en sy kinders was in die badkamer toegesluit, maar die inbreker was alreeds weg.
2. Die boer het in sy motor gespring om die booswig agterna te sit. Dit het vreeslik gereën, maar 'n paar meter af met die pad sien hy die vlugtende voertuig, gelaai met sy besittings. Die voertuig was 'n kruiwa! Die kruiwastoter wou so ewe 'n geleentheid by die boer bedel, maar die boer weier en besluit om hom vanaf 'n veilige afstand te volg.
3. Die boer moes die polisie ses keer bel voordat hulle hom geglo het. Die slakkepasjaagtog het 'n paar uur geduur voordat die polisie uiteindelik opgedaag het en die pootuit skurk vir diefstal gearresteer het.

Die skurk met die grootste mond.

4. 'n Man in Brasilië het sy bure met 'n geweer geterroriseer. Toe die polisie daar aankom, het hy in die huis weggekruip. Hy het geweier om uit te kom en gedreig om enige iemand wat hom wou kom haal, te skiet.
5. Die polisie het die gebou omsingel en gewag. Etlike ure later het hulle agtergekom dat die man uit die huis ontsnap het. Hy het reg agter die polisie gestaan en na die leë huis geroep: "Kom uit met jou hande in die lug!"

'n Dief in 'n duikpak.

6. Misdaad is 'n groot probleem in Suid-Afrika, maar soms kan mens ook net lag as jy hoor hoe dom sommige kriminele is. 'n Sprekende voorbeeld is die 28-jarige man van Kaapstad wat nie net by huise ingebreek het nie, maar ook graag mense se klere aangepas het.
7. Só ontdek hy in 2010 'n duikpak in iemand se motorhuis. Hy moes dit aantrek! Toe die huiseienaar op hom afkom, slaan die dief op vlug – steeds geklee in die duikpak. Dit was glo nie moeilik vir die polisie om hom te vind nie.

Vraag 1

1.1 Verduidelik in **jou eie woorde** wat 'n suiwelboer is. (1)
1.2 Soek in paragraaf 2 'n ander woord vir **dief**. (1)
1.3 Wat het die dief alles aan die suiwelboer se huis en besittings gedoen?
Noem twee dinge. (2)
1.4 Waar het die skurk met die geweer en groot mond gewoon? (1)
1.5 Haal een woord uit die leesstuk aan vir **om rondom 'n gebou of voorwerp te gaan staan.** (1)
1.6 Wat het die 28-jarige dief van Kaapstad graag gedoen as hy by 'n huis ingebreek het? (1)
1.7 Is die volgende stellings **waar of onwaar?** (3)
1.7.1 'n **Slakkepas jaagtog** in paragraaf 3 beteken dis vreeslik vinnig.
1.7.2 Die woord **kruiwastoter** in paragraaf 2 is 'n samestelling.
1.7.3 Die woord **geterroriseer** in paragraaf 4 beteken om 'n skelm te vang.
1.8 Wat het die skurk in paragraaf 5 vir die polisie geskree? (1)
1.9 Dink jy misdaad is werklik 'n groot probleem in Suid-Afrika? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
1.10 Kies die korrekte antwoord.
1.10.1 'n Sinoniem vir kriminele in paragraaf 6 is...
a) polisie.
b) misdadigers.
c) getuies.
d) probleme. (1)
1.10.2 **slaan die dief op vlug** (paragraaf 7) beteken...
a) die dief het gevlieg.
b) die dief het hom oorgegee aan die polisie.
c) die polisie het die dief gevang.
d) die dief het probeer weghardloop. (1)

[15]

Afdeling B

Vraag 1

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

DIE BOOM

1. Diep in die bos
so dig soos die nag
staan 'n boom
so regop soos 'n wag.
2. Maar een somber Sondag,
met die wind wat saggies sing,
het opgedaag 'n houtkapper
emosieloos en boos.
3. Hy mik sy byl
na
die stam van die boom
en ghwa,
ghwa,
GHWA
dat die bas so spat.
4. Links en regs swaai die boom.
Hy kreun en kerm soos 'n oom
en met 'n groot KRAAK
val hy na die aarde.
5. Leweloos lê dit daar,
so saggies soos 'n bries.
Die grootste boom oorwin,
Sonder moeite, sonder vrees.

Jean Vermeulen

1.1 Skryf enige samestelling in die tweede strofe neer. (1)

1.2 Watter een van die volgende woorde is 'n basisvorm? (1)
bos *leweloos* *saggies*

1.3 Skryf die woorde neer en onderstreep die agtervoegsels. (2)
saggies *leweloos*

1.4 Vind 'n sinoniem in die gedig vir die volgende woorde. (2)
a) kwaad
b) kla

1.5 Soek 'n antoniem in die gedig vir die volgende woorde. (2)
a) vlak
b) lê

1.6 Skryf die sin oor en onderstreep die voornaamwoorde. (2)
Hy mik sy byl na die boom.

Vraag 2

2.1 Skryf die bywoord in elke sin onder die korrekte opskrifte in die tabel. (6)

- Ons werk **vandag** lekker.
- Ons gaan **môre** kamp.
- Dit is **heerlik** by die see.
- Kom **hier!**
- Ek klim **vinnig i**n die boom.
- Marie sit **langs** my.

Bywoord van tyd	**Bywoord van wyse**	**Bywoord van plek**
a)	a)	a)
b)	b)	b)

Vraag 3

Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (5)

3.1 Dit is die (besig) _____ pad in die hoofstad.

3.2 Hierdie man is (kort) _____ as daardie man.

3.3 Dit is die (verlate) _____eiland in die wêreld.

3.4 Sy is baie (mooi) _____ as haar vriendin.

3.5 Die koei is (vet) _____as die perd.

Vraag 4

Kies die beskrywing in Kolom B wat pas by die woord in Kolom A. (6)

KOLOM A		**KOLOM B**	
1.1	ateljee	a)	Iemand wat vrolik en vriendelik is.
4.2	joviaal	b)	Die slaapplek op 'n skip.
4.3	akwarium	c)	Waar ou dokumente gestoor word.
4.4	krematorium	d)	Waar visse en seelewe besigtig kan word.
4.5	kajuit	e)	Waar lyke veras word.
4.6	argief	f)	Die werksplek van 'n kunstenaar.

Vraag 5

1.1 Ontleed die sin: (3)

Die kat spring oor die muur.

- Gesegde – _____
- Onderwerp – _____
- Voorwerp – _____

1.2 Benoem die sinsdele:

Die seun skryf in sy boek. (3)

- skryf – _____
- Die seun – _____
- boek – _____

Vraag 6

Maak twee goeie sinne met die woord **mooi.** (2)

6.1 Gebruik die woord eers as 'n **byvoeglike naamwoord.**

6.2 Gebruik dieselfde woord, maar nou as **'n bywoord.**

[35]

Memorandum

Afdeling A

Vraag 1

1.1 Dit is 'n boer wat met melkbeeste boer en melk lewer.

1.2 "booswig"

1.3 Die voordeur was oopgebreek en die boer se kinders was in die badkamer toegesluit.

1.4 Brasilië

1.5 "omsingel"

1.6 Hy pas ook die mense se klere aan.

1.7 1.7.1 Onwaar

1.7.2 Waar

1.7.3 Onwaar

1.8 "Kom uit met jou hande in die lug!"

1.9 Ja, want daar word elke dag baie misdaad gepleeg (of soortgelyk).

1.10 1.10.1 b) misdadigers.

1.10.2 d) die dief het probeer weghardloop.

Afdeling B



Vraag 1

1.1 houtkapper /opgedaag
1.2 bos
1.3 saggies, leweloos
1.4 boos, kerm
1.5 diep, staan
1.6 Hy mik sy byl na die boom.

Vraag 2

Bywoord van tyd	Bywoord van wyse	Bywoord van plek
Vandag	heerlik	hier
Môre	vinnig	langs

Vraag 3

3.1 besigste
3.2 korter
3.3 mees verlate
3.4 mooier
3.5 vetter

Vraag 4

4.1 f
4.2 a
4.3 d
4.4 e
1.5 b
4.6 c

Vraag 5

5.1 Gesegde – spring
Onderwerp – Die kat
Voorwerp – die muur
5.1 skryf – gesegde
Die seun – onderwerp
boek – voorwerp

Vraag 6

6.1 Die **mooi** boek is geskeur.
6.2 Die kind teken baie **mooi.**